**[PROVISIALE KENNISGEWING NO. 61 VAN 2019]**

## PROMULGASIE KENNISGEWING

**Varsproduktemark Verordening**

Aangeneem deur die Raad op Dinsdag, 15 November, 2018

Onder item 84. 1 – 15/11/2018

1) Kennis word hiermee gegee in terme van die bepalings van artikel 13 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig, dat die Mangaung Munisipaliteit Raad die hersiene Varsproduktemark Verordeninge aangeneem het gedurende die sitting gehou op 15 November 2018.

2) Die hersiene Varsproduktemark Verordening is nou van toepassing en afdwingbaar deurgaans die jurisdiksie van die Mangaung Metropolitan Munisipaliteit (MAN) as gevolg van die rasionalisering proses.

3) Die Verordeninge word vir die kennisname van die algemene publiek gepubliseer.

Adv. Tankiso Mea

Stadsbestuurder

---

## VERORDENINGS MET BETREKKING TOT VARSPRODUKTEMARKTE

**Om voorsiening te maak vir die regulering en bestuur van die aktiwiteite by en met betrekking tot die munisipale varsproduktemark, en om voorsiening te maak vir soortgelyke aangeleenthede.**

**Voorwoord**

**AANGESIEN** die Grondwet plaaslike regering tot stand gebring het as 'n onderskeidende regeringsfeer, wat onafhanklik en in verbinding met die nasionale en provinsiale regeringsfere gevestig is; en

**AANGESIEN** daar eenstemmigheid is ten aansien van die fundamentele belangrikheid van 'n demokratiese plaaslike regering, ontwikkeling asook nasiebou in ons land; en

**AANGESIEN** daar 'n fundamentele ooreenkoms in ons land is ten aansien van die oogmerk van demokrasie, aanspreeklikheid en ontwikkeling van plaaslike regerings, waarin munisipaliteite binne die munisipaliteit se finansiële en administratiewe kapasiteit (vermoëns) daarna moet strewe om hierdie grondwetlike oogmerke te behaal deur die voorsiening van volhoubare, effektiewe en deeglike munisipale dienste te lewer aan gemeenskappe, deur die bevordering van sosiale en ekonomiese ontwikkeling, deur die bevordering van 'n veilige en gesonde omgewing, en deur die aanmoediging van die betrokkenheid van die gemeenskap in die aangeleenthede van die plaaslike regering; en

**AANGESIEN** die Grondwet munisipaliteite magtig en bemagtig om plaaslike regerings aangeleenthede soos vervat in Deel B van Skedule 4 en 5 te administreer, welke insluit munisipale markte en enige ander aangeleentheid toegewys aan die munisipaliteit deur nasionale en provinsiale wetgewing, deur verordeninge uit te vaardig en te administreer vir die effektiewe administrasie van hierdie aangeleenthede.

**WORD DIT DUS GEORDEN** deur die Munisipale Raad van die **Mangaung Metropolitan Munisipaliteit** as volg:-

**INHOUDSOPGAWE**

**HOOFSTUK 1**

**INTERPRETASIE**

1. Definisies

**HOOFSTUK 2**

**BESTUUR VAN AKTIWITEITE IN DIE MARK**

2. Ligging en omvang van die mark

3. Beheer en toesig
4. Mark ure
5. Gedrag van persone by die mark
6. Toegang tot die mark
7. Verantwoordelikheid vir artikels wat na die mark toe gebring word
8. Verwerping van artikels
9. Verwydering van obstruksies
10. Aanspreeklikheid vir foute
11. Afleweringsnotas
12. Spoorweg afleweringsnotas
13. Varsprodukte-agent om aan verkoper te verantwoord
14. Aflaai by aankoms
15. Stapel, rangskik en vertoon
16. Merk van houers
17. Skeiding van produkte
18. Variasie in kwaliteit
19. Verkoop per voorbeeld
20. Variasie tussen artikel en voorbeeld
21. Verantwoordelikheid vir variasie tussen artikel en voorbeelde
22. Herstapeling van onverkoopte produkte
23. Netheid van persele
24. Reg om te okkupeer of om handel te dryf
25. Ongemagtigde aktiwiteite
26. Aanvang en sluiting van verkope
27. Prosedure voor verkope
28. Afsonderlike verkoopnota
29. Verkopers by verkope
30. Veilings deur Algemene Bestuurder
31. Afleweringsnota voor veiling
32. Verklaring voor veiling
33. Mark verkoopnota by die veiling
34. Prosedure by die veiling

35. Beheerde prys
36. Veranderinge in mark verkoopnotas
37. Rooster van veilingsverkope
38. Herveiling
39. Uitreik van dokumente
40. Tyd toegelaat aan varsprodukte-agente
41. Persone toegelaat binne die omheining
42. Weiering om te verkoop
43. Twyfel en geskille
44. Algemene Bestuurder se besluit finaal
45. Twyfel oor eienaarskap
46. Verkope teen ‘n prys minder as die hoogste bod
47. Billike prys
48. Inspeksie, gradering, verpakking en nasien
49. Afhaling en aflewering
50. Aankoop en verkoop deur werknemers van die munisipaliteit
51. Privaat verdrag verkope
52. Verkoopsdossier
53. Voorkeur
54. Hoe artikels verkoop moet word
55. Voorafbetaling stelsel
56. Artikel van swakker gehalte as voorbeeld
57. Kontant aankope en krediet waarborge
58. Boetes vir die laat betaling van rekeninge
59. Kopers in versuim
60. Meting van massa
61. Verantwoordelikheid vir massa
62. Versuim om te betaal deur varsprodukte-agent
63. Eis vir betaling deur Algemene Bestuurder
64. Onopgeëiste artikels
65. Storting en herverkoping
66. Aflaai

67. Aanspreeklikheid vir verlies en skade
68. Permitte vir varsprodukte-agente
69. Ander lisensies
70. Oordrag van produkte
71. Toekenning van spasie aan varsprodukte-agente
72. Stof- en vullishouers
73. Inligting wat vereis word van varsprodukte-agente
74. Die varsprodukte-agent is verantwoordelik vir werknemers
75. Registrasie van werknemers
76. Permitte vir werknemers
77. Beskermende klere
78. Algemene Bestuurder mag inligting aan verkopers verskaf
79. Wangedrag deur varsprodukte-agente
80. Huur van stootwaentjies en trollies
81. Koueberging en rypmaking
82. Nagelate artikels in die mark area
83. Verbod op honde
84. Verbod op smouse
85. Verwerpte artikels
86. Parkering van voertuie

**HOOFSTUK 3**

**ALLERLEI**

87. Obstruksie
88. Skade aan die eiendom van die munisipaliteit
89. Aanspreeklikheid van die munisipaliteit
90. Verhindering van munisipale amptenare
91. Ongemagtigde gebruik van spasie
92. Markgelde, mark kommissie en ander fooie
93. Verbod op groothandelaars of hul verteenwoordigers om handel te dryf
94. Indiening van spoorweg-eise
95. Geskilbeslegting

96. Misdrywe en strafbepaling

97. Herroeping en wysiging

98. Kort titel en inwerkingtreding

**HOOFSTUK 1**

**INTERPRETASIE**

**1. Definisies**

(1) In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

**"Algemene Bestuurder"** die persoon wat aangestel is deur die Mangaung Metropolitaanse Munisipaliteit om in beheer te wees van die mark wat beskryf word as die mark owerheid in die Wet, of sy/haar behoorlik aangestelde verteenwoordiger;

**"artikel" ,"produkte"** of **"goedere"** enige soort vrug, groente, kos, lusern, lusern- meel, voer, semels, plante, bome, struike, blomme, versierings plante, varings, kunsmatige plante of enige ander produk, dier, voël of ding wat oor die algemeen of gewoonlik by die mark aangebied word;

**"besending"** beteken enige hoeveelheid produkte wat uit verskillende/aparte eenhede bestaan van dieselfde of verskillende soort produkte wat gelyktydig aan die Algemene Bestuurder of 'm varsprodukte-agent toevertrou word om namens enige persoon verkoop te word;

**"eenheid"** die hoeveelheid van 'n produk wat die basis vorm vir die berekening van die prys van 'n produk, behalwe vir produkte wat in 'n houer verpak is, en sal die houer in hierdie geval 'n eenheid verteenwoordig;

**"geen aanbod marknota"** 'n amptelike dokument wat daarop aandui dat die produkte waarna dit verwys nie verkoop is nie, weens die gebrek van 'n bod of aanbod daarop;

**"geen verkope mark nota"** 'n amptelike dokument wat daarop aandui dat die produkte waarna dit verwys nie teen die hoogste bod of aanbod wat daarop gemaak is, verkoop is nie, of dat die produkte nie vir die verkoop daarvan aangebied is nie;

**"handelaar"** 'n persoon wat produkte aan 'n mark lewer of na 'n mark neem om verkoop te word, met dien verstande dat wanneer 'n Algemene Bestuurder verkope namens agente hanteer hy/sy nie as 'n handelaar geag sal word nie.

**"houer"** beteken enige boks, skottel, sak, verpakking of verpakkingsmateriaal;

**"mark"** die munisipale varsproduktemark van die Mangaung Munisipaliteit geleë te erf 21402, Masselspoort Weg welke erf munisipale eiendom is;

**"mark nota"** enige dokument wat amptelik deur die Algemene Bestuurder uitgereik is;

**"mark verkope"** enige verkooptransaksie wat op die mark plaasvind of deur die Algemene Bestuurder gemagtig is;

**"mediese gesondheidsbeampte"** die mediese praktisyn wat voorlopig die amp van mediese gesondheidsbeampte onder die Munisipaliteit beklee, en dit sluit in enige mediese praktisyn (geneesheer) of inspekteer wat in sodanige amp optree of behoorlik gemagtig is om in sodanige amp op te tree;

**"Munisipaliteit"** die Mangaung Metropolitaanse Munisipaliteit gestig deur Provinsiale Kennisgewing No. 155 van 2016 soos gepubliseer in die Vrystaatse Provinsiale Gazette van 22 Julie 2016, ooreenkomstig die bepalings van Artikel 12 van die Plaaslike Regering: Munisipale Strukture Wet, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

**"privaat verdrag verkope"** 'n verkoop transaksie wat aangeteken is in die boeke van die Munisipaliteit welke transaksie onderhandel en gesluit is tussen 'n varsprodukte-agent en 'n koper

**"Raad"** die raad van die Mangaung Metropolitaanse Munisipaliteit of enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, raadslid of enige werknemer van die Munisipaliteit wat onder die raad se gedelegeerde of sub-gedelegeerde bevoegdheid handel;

**"varsprodukte-agent"** 'n agent, sodanig gemagtig deur die Munisipaliteit en binne die bepalings van die Wet, as sodanig optree ten opsigte van enige produk wat op die mark verkoop word met dien verstande dat die risiko van wins en verlies te alle tye deur die prinsipaal gedra word, en-

(a) sluit in enige direkteur van 'n maatskappy, trustee van 'n trust of 'n lid van 'n beslote korporasie wat as 'n varsprodukte-agent optree soos hierbo vermeld;
(b) enige direkteur van 'n maatskappy of lid van 'n beslote korporasie of 'n trustee van 'n trust wat as 'n varsprodukte-agent optree soos hierbo vermeld en sluit in die Algemene Bestuurder wanneer hy optree as 'n varsprodukte-agent;

**"verkoopsman"** 'n gemagtigde persoon in die diens van 'n varsprodukte-agent welke behoorlik geregistreer is kragtens die bepalings van die Wet, en wie optree namens die varsprodukte-agent in enige transaksie op die mark;

**"verkoopsprys"** die bedrag/prys waarvoor enige artikel of produk aan 'n koper verkoop is;

**"voorafbetaling sisteem"** 'n sisteem waardeur betaling vir goedere gemaak kan word deur middel van 'n elektroniese kaart transaksie sisteem waarby 'n kaart "geswipe" kan word deur 'n spesifieke toestel welke toestel dan die spesifiek bedrag van die kooptransaksie vanuit die kaart onttrek;

**"Wet" of "APAC" "WLPA"** die Wet op Landbouprodukte-agente Wet Nr. 12 van 1992;

Of Agricultural Produce Agents Act, No 12 of 1992.

(2) In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, sal woorde en uitdrukkings wat die enkelvoud aandui ook die meervoud insluit en *vice versa*, woorde en uitdrukkings wat die manlike geslag aandui sal ook die vroulike geslag insluit, en *vice versa* en verwysings na 'n natuurlike persoon sal ook 'n regspersoon insluit en *vice versa*.

## HOOFSTUK 2
## BEHEER/BESTUUR VAN AKTIWITEITE BY DIE MARK

### 2. Ligging en omvang van die mark

Die mark sal bedryf op erf 21402 Maselspoort Weg, soos meer volledig beskryf in plan L.G. 452/22.

### 3. Beheer en toesig

Die beheer en uitvoering van die mark moet onder die toesig van die Algemene Bestuurder plaasvind en voldoen aan die bepalings van die Wet asook enige ander wette en verordeninge van die Munisipaliteit.

### 4. Mark ure

Die mark sal bedryf word / oop wees op die dae en gedurende die ure soos deur die Raad bepaal van tyd tot tyd.

### 5. Gedrag van persone by die mark

Geen persoon by die mark mag:

(1) rook in enige area waar 'n rook verbode kennisgewing verskyn nie;

(2) ‘n vuur maak sonder die toestemming van die Algemene Bestuurder;

(3) teen of op enige artikel of houer staan, sit en lê nie;

(4) enige iets gooi na ‘n persoon of ‘n objek;

(5) sonder ‘n wettige rede peuter aan of verwyder of verwydering veroorsaak van enige artikel wat as te koop aangebied word of uitgestal word as te koop sowel as enige houer of etiket wat aangebring is op ‘n houer en artikel;

(6) sonder die geskrewe toestemming van die Algemene Bestuurder en in voldoening van die Munisipaliteit se verordeninge enige addisionele omheinings of geboue oprig op die perseel soos by die Munisipaliteit gehuur nie, of enige bestaande gebou verander of afskortings oprig of enige bestaande water en elektrisiteit toebehore installeer of verleng, of enige ander veranderinge aan die perseel;

(7) enige artikel wat verstopping of skade kan veroorsaak, toelaat of veroorsaak dat dit enige drein of geut binne gaan of veroorsaak of toelaat dat enige riool, olie, afvalwater of enige ander aanstootlike stof in die stormwater dreun invloei;

(8) sonder die toestemming van die Algemene Bestuurder enige vrugte, groente of ander artikel was, skoon maak, sorteer of gradueer;

(9) enige wettige aktiwiteit ontwrig op enige manier nie, of inmeng met of enige ander persoon, of enige ander persoon molesteer nie, of enige artikels afdwing op enige kliënt nie, of inmeng met die behoorlike uitvoering van besigheid;

(10) sonder die toestemming van die Algemene Bestuurder die mark betree en bly of veroorsaak dat enige voertuig of diere die mark perseel betree en bly of enige deel daarvan op en gedurende dae en ure wat die mark gesluit is;

(11) per die wettige versoek van die Algemene Bestuurder nalaat of weier om enige artikel, voertuig, dier of enige ander ding te verwyder;

(12) nalaat of weier om enige voertuig onder sy/haar beheer, in die posisie te plaas wat deur die Algemene Bestuurder aan die voertuig toegeken is nie;

(13) enige voertuig of dier op so ‘n wyse bestuur dat dit ‘n gevaar vir ander persone en die perseel inhou nie;

(14) spoeg, ‘n oorlas of slenter veroorsaak of enige dreigende, onwelvoeglike, beledigende, gewelddadige, aanstootlike of walglike taal gebruik of enige harde of steurende geraas maak nie;

(15) sonder die vooraf verkrygde toestemming van die Algemene Bestuurder ‘n openbare vergadering reël of hou nie;

(16) sonder die toestemming van die Algemene Bestuurder enige bedwelmende drank op die perseel in sy besit hê, op die perseel bring of veroorsaak dat dit op die perseel gebring word nie;

(17) bedwelmende drank gebruik/drink of onder die invloed van bedwelmende drank wees nie;

(17) aan enige artikel wat as te koop aangebied word vat, ruik, proe of skuif op so 'n wyse dat dit vatbaar vir kontaminasie is nie;

(18) opsetlik enige eiendom beskadig of ontsier nie;

(19) enige vrugte skil, groente blaar of rommel van watter aard ook al weg gooi of deponeer in enige plek anders as die houers wat vir hierdie spesifieke doel daargestel is nie;

**6. Toegang tot die mark**

Die Algemene Bestuurder van die mark mag enige ongewenste persoon toegang tot die mark weier sowel as enige dier, voertuig of artikel of enige ander ding van watter aard ook al, en mag enige persoon beveel om die mark te ontruim of om enige dier, voertuig, artikel of ander ding van watter ook al te verwyder, indien hy van mening is dat die weiering of bevel onder die omstandighede regverdigbaar is.

**7. Verantwoordelikheid vir artikels wat na die mark toe gebring word**

Enige persoon wat 'n artikel, voertuig, dier of enige ding van watter aard ook al na die mark toe bring, sal verantwoordelik daarvoor wees en aanspreeklik wees vir enige skade, besering, gevaar, obstruksie of ongerief wat dit mag veroorsaak.

**8. Verwerping van artikels**

Die Algemene Bestuurder mag enige artikel of die verkoop van enige artikel wat siek, ongesond, ongeskik, ongeskik vir menslike gebruik of wat in 'n houer gestoor is wat waarskynlik die artikel sal kontamineer of enige ander artikel waarmee dit in kontak mag kom weier by die mark. Die Algemene Bestuurder mag onmiddellik hierdie artikel of houer in sy besit neem met die doel om dit te vernietig. Indien daar enige dispuut oor die toestand van die artikel of houer sou ontstaan sal dit nie vernietig word tensy die mediese beampte 'n sertifikaat uitgereik het waarin die vernietiging van die artikel of houer gemagtig word nie.

**9. Verwydering van obstruksies**

Enige persoon wat 'n artikel of objek op enige gedeelte van die mark plaas op so 'n wyse dat dit ongerief of 'n obstruksie veroorsaak wat die behoorlike vee, was en skoon maak van die mark perseel belemmer, moet onmiddellik die artikel of obstruksie verwyder wanneer die Algemene Bestuurder hulle beveel om dit te verwyder. Indien enige persoon weier of nalaat om gehoor te gee aan die bevel van die Algemene Bestuurder, of indien die adres van so 'n persoon onbekend is aan die Algemene Bestuurder, mag die Algemene Bestuurder sonder enige kennisgewing die obstruksie verwyder en sal die Algemene Bestuurder sowel as die Munisipaliteit geen aanspreeklikheid vir enige skade, besering of verlies as gevolg van die verwydering opdoen nie.

**10. Aanspreeklikheid vir foute**

Die Munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige beskrywings fout, gebrek of oorskot aan hoeveelheid of gebrek aan kwaliteit van enige artikel wat op die mark verkoop word nie, tensy nalatigheid deur die Munisipaliteit bewys kan word.

**11. Afleweringsnotas**

(1) Elke persoon wat enige artikel na die mark bring of veroorsaak dat enige artikel na die mark gebring word, wat as te koop aangebied word, moet onmiddellik met sy aankoms die artikel registreer by die algemene bestuurder sowel as die tersaaklike varsprodukte-agent wat dan 'n afleweringsnota wat deur die Algemene Bestuurder geteken is sowel as deur die persoon wat die artikel registreer wat die volgende inligting sal bevat;

(a) datum van aankoms;
(b) volle name en adres van verkoper;
(c) beskrywing van die artikel;
(d) beskrywing van die houer;
(e) massa of hoeveelheid;
(f) die verskeidenheid en kwaliteit van die produkte soos deur die Algemene Bestuurder bepaal van tyd tot tyd;
(g) die naam of kode merk van die varsprodukte-agent of ontvanger van die produk aan wie die produk oorhandig is;
(h) registrasie nommer van die voertuig indien van toepassing;
(i) enige ander inligting wat deur die Algemene Bestuurder van tyd tot tyd vereis mag word.

(2) Die Algemene Bestuurder of die varsprodukte-agent moet aan elke persoon of ontvanger aan wie enige artikel oorhandig is met 'n afskrif van elke afleweringsnota voorsien en moet ook 'n kopie daarvan hou vir homself.

**12. Spoorweg afleweringsnotas**

Die Algemene Bestuurder mag vanaf die Suid Afrikaans Spoorweg en Hawens Administrasie 'n kopie versoek van elke afleweringsnota of vragbrief wat uitgereik is deur hierdie administrasie, sowel as enige ander inligting wat hy mag benodig ten aansien van elke artikel wat afgelewer is by die mark hetsy die artikel deur die spoorweg of per pad vervoer is. Elke varsprodukte-agent moet op versoek van die Algemene Bestuurder die administrasie magtig om die Algemene Bestuurder van elke afleweringsnota of vragbrief te voorsien met betrekking tot artikels wat aan hom oorhandig is.

**13. Varsprodukte-agent om aan verkoper te verantwoord**

Elke varsprodukte-agent moet teken vir die ontvangs van elke artikel of besending wat aan hom afgelewer word met die ontvangs daarvan, en moet aan die verkoper daarvan verslag lewer oor die hoeveelheid wag op die afleweringsnotas getoon word en moet aan die verkoper verslag lewer oor die hoeveelheid op die wyse soos deur die Algemene Bestuurder bepaal.

**14. Aflaai by aankoms**

Elke artikel wat by die mark aangebied word moet met die aankoms daarvan aan die Algemene Bestuurder of varsprodukte-agent oorhandig word wie dan onmiddellik al die tersaaklike reëlings wat deur die Algemene Bestuurder noodsaaklik geag word vir die aflaai daarvan en vir die plasing daarvan in die spasie of omheining daarvoor;

**15. Stapel, rangskik en vertoon**

Elke varsprodukte-agent moet alle noodsaaklike reëlings, soos deur die Algemene Bestuurder bepaal, maak vir die stapeling, rangskikking en vertoning van alle artikels by deur hom ontvang word op die tydstip doos deur die Algemene Bestuurder bepaal en op so ‘n wyse dat dit ‘n ordelike voorkoms sal hê, opvallend sal wees vir voornemende kopers en behoorlik geskei van ander artikels hetsy dit artikels van dieselfde soos is of van dieselfde verkoper af kom of nie. Die Algemene Bestuurder mag ter enige tyd aan ‘n verkoper of varsprodukte-agent opdrag gee om enige of alle artikels te verwyder na ‘n ander area toe, dit weer te stapel, te herrangskik of weer uit te stal.

**16. Merk van houers**

Elke houer sal gemerk wees met die naam en adres van die eienaar daarvan in duidelike leesbare hoofletter op die houer self en op ‘n etiket wat behoorlik daaraan vasgeheg is. Alle ander name, adresse of merke, behalwe die naam, adres en merk van die ontvanger en enige ander merke of etikette wat vereis word deur die wet om daarop te verskyn, moet uitgewis word. Geen artikel mag as te koop uitgestal word, te koop aangebied word tensy die houer so gemerk is nie.

**17. Skeiding van produkte**

Elke varsprodukte-agent moet alle produkte van ‘n artikel wat ter enige tyd geskeur of beskadig is, verwyder of behoorlik skei van die ander produkte en moet hierdie produkte weer sorteer of oor stapel indien dit nodig is in die Algemene Bestuurder se opinie.

**18. Variasie in kwaliteit**

Geen persoon moet enige produkte na die mark bring of aanbied by die mark wat op so ‘n wyse verpak is dat die produkte wat bo en aan die kante van die houer gepak is van ‘n beter gehalte is of groter is as die produkte in ander gedeeltes van die houer.

**19. Verkoop per voorbeeld**

Geen varsprodukte-agent mag enige artikel te koop uitstal, te koop aanbied of per voorbeeld verkoop tensy minstens 60% van die hele besending op die erkende verkoopsgebied of in die aangewese koelruimte van die mark is tydens die uitstalling vir verkoop, aanbod om te koop of verkoop nie.

**20. Variasie tussen artikel en voorbeeld**

Geen varsprodukte-agent mag enige voorbeeld van ‘n artikel uitstal of verkoop nie tensy die voorbeeld ‘n werklike weerspieëling is van die hele besending. Die Algemene Bestuurder kan homself vergewis op watter wyse hy gepas mag vind dat die voorbeeld wat uitgestal word of te koop aangebied word, werklik die hele besending verteenwoordig.

## 21. Verantwoordelikheid vir variasie tussen artikels en voorbeelde

Elke varsprodukte-agent moet verantwoordelikheid neem vir enige skade, ongerief of verlies wat gely word deur enige persoon wat gebaseer op die voorbeeld van 'n artikel, 'n artikel koop wat basies verskil van die uitgestalde voorbeeld of voorbeeld wat te koop aangebied word. Die besluit van die van die Algemene Bestuurder of die uitgestalde voorbeeld van die artikel, of voorbeeld wat te koop aangebied word 'n werklike weerspieëling is van die artikel wat verkoop is, is finaal en bindend.

## 22. Herstapeling van onverkoopte produkte

Elke varsprodukte-agent moet aan die einde van elke dag se verkope, die onverkoopte produkte herstapel op so 'n wyse dat dit 'n ordelike voorkoms het en in so 'n posisie dat dit duidelik sigbaar is vir voornemende kopers gedurende die opvolgende dag se verkope en moet elke moontlike voorsorg tref om te voorkom dat enige oorblywende onverkoopte produk skeer of beskadig word.

## 23. Netheid van persele

Elke persoon aan wie daar enige kantoor, area, staanplek, stalletjie of ander plek toegeken is, waarop of waaruit hulle besigheid bedryf, moet ten alle tye hierdie kantoor, area, staanplek, stalletjie of ander plek en enige ryvlak, gang paaie of gedeelte aangrensend daartoe, netjies en skoon hou en moet onmiddellik enige iets daarvan af verwyder indien die Algemene Bestuurder so beveel. Die Algemene Bestuurder mag ter enige tyd die kantoor, area, staanplek, stalletjie of ander plek en enige ryvlak, gang paaie of gedeelte aangrensend sowel as enige voertuig en houer daarop of daarin inspekteer.

## 24. Reg om te okkupeer en om handel te dryf

Geen persoon moet enige kantoor, area, staanplek, stalletjie of ander plek okkupeer of daarvandaan handel dryf sonder die vooraf verkygde toestemming van die Raad nie, en sonder dat hy die huur of ander fooi wat wettiglik vooraf betaalbaar met betrekking daartoe betaal het nie. Geen huurder mag hierdie kantoor, area, staanplek, stalletjie of ander plek onderverhuur sonder die toestemming van die Munisipaliteit, of waarnemer nie en sonder dat die toepaslike ooreenkomste gesluit is waar dit noodsaaklik is nie.

## 25. Ongemagtigde aktiwiteite

Geen persoon moet enige artikel verkoop, te koop aanbied, bekend stel, smous of rond dra by die mark sonder die voorafgaande toestemming van die Algemene Bestuurder nie.

## 26. Aanvang en sluiting van verkope

(1) Verkope sal aanvang neem en sluit op die tye soos deur die Algemene Bestuurder bepaal.

## 27. Prosedure voor verkope

Geen artikel moet uitgestal word of te koop aangebied word, of verkoop word tot en met daar aan Artikel 11 en 12, welke ook al van toepassing is, voldoen is nie, tensy die afleweraar van enige artikel en die varsprodukte-agent of enige ander persoon aan wie dit afgelewer is in sy besit die oorspronklike of ‘n ware afskrif van die dokumente waarna daar verwys word in die voorafgemelde artikels het nie, welke ook al van toepassing is. Enige afskrif van die oorspronklike sal geag wees ‘n ware afskrif indien dit deur die Algemene Bestuurder so gesertifiseer is.

**28. Afsonderlike verkoopnotas**

Elke varsprodukte-agent of ontvanger wat artikels aanbied, moet afsonderlik verkoop en afsonderlike mark verkoop notas verkry vir elke besending of produk verkry vanaf of te koop aangebied word namens verkopers, nieteenstaande die feit dat hierdie besendings van dieselfde kommoditeit en van dieselfde besender mag wees.

**29. Verkopers by verkope**

Tensy die Algemene Bestuurder vooraf toestemming verleen het, mag geen verkoper die Algemene Bestuur of varsprodukte-agent bystaan of probeer bystaan met die uitstal of verkoop van sy goedere nie, sowel as inmeng of belemmer nie. Enige instruksie wat die verkoper oor die spesifieke goedere wil meedeel moet mondelings of indien die Algemene Bestuurder dit so versoek, skriftelik voor verkope begin gegee word.

**30. Veilings deur die Algemene Bestuurder**

Enige artikel wat te koop aangebied word deur openbare veiling mag deur die Algemene Bestuurder opgeveil word of enige ander persoon wat deur die Algemene Bestuurder gemagtig is om dit te doen en geen ander persoon moet so ‘n veiling reël of hou of probeer om dit te doen nie.

**31. Afleweringsnota voor veiling**

Voor ‘n verkope per publieke veiling begin moet die betrokke varsprodukte-agent aan die Algemene Bestuurder ‘n ware afskrif oorhandig van ‘n behoorlik voltooide afleweringsnota met betrekking tot die tersaaklike artikels. Die Algemene Bestuurder sal al hierdie afleweringsnotas hou tot en met die voorgeskrewe tyd waarin die varsprodukte-agent die artikels wat aan hom toevertrou is kan verkoop, verstryk het.

**32. Verklaring voor veiling**

Alvorens ‘n verkoop per publieke veiling begin moet die betrokke varsprodukte-agent aan die Algemene Bestuurder die graad, kwaliteit, toestand, verskeidenheid en presiese hoeveelheid van die artikels wat te koop aangebied word, verklaar. Die Algemene Bestuurder sal hierdie verklaring so afkondig tesame met die minimum hoeveelheid wat dier elke koper gekoop mag word aan alle persone wat die veiling bywoon en hierdie aankondiging sal die voorwaardes van die verkoop daarstel tesame met enige ander voorwaardes soos deur die Algemene Bestuurder bepaal van tyd tot tyd.

**33. Mark verkoopnota by die veiling**

(1) Die Algemene Bestuurder moet gedurende die verkoop per publieke veiling 'n mark verkoopnota voorberei wat deur homself geteken s en wat die volgende inligting bevat:

(a) die afleweringsnota se nommer;
(b) die volle name van die verkoper;
(c) die naam en nommer van die varsprodukte-agent;
(d) die datum waarop verkope gehou is;
(e) 'n beskrywing van die artikel en die houer;
(f) die verskeidenheid;
(g) die graad;
(h) die plek van herkoms;
(i) die massa (waar van toepassing) en/of die hoeveelheid ontvang;
(j) die hoeveelheid beskikbaar vir verkoop;
(k) die kwaliteit;
(l) die prys per eenheid;
(m) die naam of nommer van die koper;
(n) die hoeveelheid gekoop deur elke koper;
(o) enige ander inligting wat hy nodig ag om by te voeg.

(2) Die Algemene Bestuurder moet die tersaaklike varsprodukte-agent met 'n afskrif van elke mark verkoopnota voorsien sodra die besending of 'n gedeelte daarvan verkoop is, of indien dit nie verkoop is nie, voordat die Algemene Bestuurder aan beweeg na die volgende besending toe.

**34. Prosedure by die veiling**

(1) Elke artikel wat te koop aangebied word by 'n publieke veiling moet verkoop geag word aan die hoogste bieder nadat die afslaer die bod ten aansien van sodanige artikel van stryk gebring het; as die varsprodukte-agent bereid is om die prys te aanvaar. As die varsprodukte-agent nie die prys aanvaar nie moet hy die reserwe prys aan die afslaer verklaar, en die afslaer sal hierdie prys aankondig aan almal wat die verkoop bywoon en die hoogste bieder kan daarna besluit of hy hierdie prys aanvaar of verwerp. Daarna, met dien verstande dat die hoogste bieder die artikel teen die reserwe prys aanvaar en nie die hele lot koop nie, ander persone wat dieselfde verkope bywoon, hulle benodighede teen die verklaarde reserwe prys kan verkry. Wanneer 'n prys verklaar is soos hier beskryf, mag die prys vir 'n periode van 24 uur nie verander nie en die oorspronklike voorwaardes van die verkoop mag nie op enige manier verander word, behalwe met die voorafgaande toestemming van die Algemene Bestuurder.

(2) Indien die varsprodukte-agent weier om die hoogste bod te aanvaar as die verkoopprys ten opsigte van enige artikel, moet hy 'n reserwe prys verklaar. Die hoogste bod en die reserwe prys moet op die mark verkoopnota ingeskryf word deur die afslaer, en indien daar geen verkope teen die reserwe prys plaasgevind het nie, moet die woord "nie verkoop" deur die afslaer op die mark verkoopnota ingeskryf word wat dan as 'n geen verkope mark nota geag sal word.

(3) Indien daar geen aanbod gemaak is vir enige artikel aangebied by die verkope nie mag die afslaer ‘n geen aanbod mark nota uitreik ten opsigte daarvan deur die woorde “geen aanbod” op die mark nota in te skryf.

**35. Beheerde Prys**

Wanneer die prys van 'n artikel wat per veiling te koop aangebied word, deur die wet beheer of vasgestel word, en die prys wat voorgeskryf word, aangebied word deur persone wat die verkoop bywoon, moet die artikel verkoop word aan die persoon wat die bod teen die beheerde prys gemaak het. Indien meer as een persoon gelyktydig 'n bod teen die beheerde prys maak, kan die Algemene Bestuurder óf die verkoop deur openbare veiling kanselleer en dirigeer dat die artikel deur privaat verdrag deur die betrokke varsprodukte-agent teen die beheerde prys verkoop word aan die betrokke persone wat die veiling bywoon, op so 'n wyse dat elke persoon 'n billike deel van die beskikbare aanbod ontvang, of die Algemene Bestuurder kan die betrokke artikel teen die beheerde prys onder die bieërs versprei op enige wyse soos deur hom bepaal. Niemand mag sodanige artikel van verkoop weerhou nie, tensy dit deur die Algemene Bestuurder so beveel is en niemand mag sodanige artikel teen 'n prys hoër as die maksimum beheerde prys aanbied of verkoop nie, of sodanige artikel gesamentlik aanbied of verkoop saam met ander artikels wat nie onderhewig is aan ‘n beheerde pryse nie.

**36. Veranderinge in mark verkoopnotas**

Die afslaer moet by elke verandering op 'n mark verkoopnota parafeer, en die Algemene Bestuurder moet, nadat hy homself vergewis het oor die rede vir hierdie veranderinge, die veranderde nota ook teken.

**37. Rooster van veilingsverkope**

Veilings moet gedoen word volgens 'n rooster wat deur die Algemene Bestuurder op so 'n wyse voorberei is dat elke varsprodukte-agent op sy beurt die geleentheid kry om eerste te verkoop. Elke varsprodukte-agent moet 'n tydperk gegee word, soos bepaal deur die Algemene Bestuurder, waarbinne die artikels wat aan hom toevertrou is, verkoop mag word. Elke besending moet slegs een keer gedurende elke rondte te koop aangebied word.

**38. Herveiling**

As die afslaer 'n artikel tot die hoogste bod geklop het, en die verkoop deur die varsprodukte-agent bevestig word, en die hoogste bieër sy vereistes verkry het, en 'n aantal ander kopers wat die verkoop bywoon, vra om teen dieselfde prys bedien te word, kan die afslaer die res

van die besending weer op die veiling plaas indien dit na sy mening tot voordeel van alle betrokkenes sal wees. Geen verantwoordelikheid moet egter op die Munisipaliteit geplaas word indien 'n laer prys gerealiseer word wanneer die artikel weer te koop aangebied word nie, maar die Algemene Bestuurder of die varsprodukte-agent het die reg om 'n reserweprys gelykstaande aan die oorspronklike hoogste bod op die artikel te plaas indien 'n bod laer as die oorspronklike hoogste bod ontvang word wanneer die artikel weer opgeveil word.

**39. Uitreik van dokumente**

Niemand anders as die Algemene Bestuurder moet mark verkoopnotas of enige ander dokumente met betrekking tot afhaal, verkope of aflewerings uitreik of laat uitreik nie. Die koste, of ‘n gedeelte van die koste verbonde aan al hierdie dokumente of slegs sommige dokumente, kan verhaal word van die varsprodukte-agente.

**40. Tyd toegelaat aan varsprodukte-agente**

'n Varsprodukte-agent moet nadat hy 'n spesifieke tyd vir sy verkope met die Algemene Bestuurder gereël het, onmiddellik nadat sy beurt aangekondig is begin met sy verkope, by gebrek waarvan die Algemene Bestuurder vir die afslaer mag opdrag gee om voort te gaan met die volgende varsprodukte-agent se verkope. 'n Varsprodukte-agent wat nie onmiddellik met sy verkope begin het nadat sy beurt aangekondig is nie verbeur die dienste van 'n afslaer vir die res van die dag.

**41. Persone toegelaat binne die omheining**

Behalwe met die toestemming van die Algemene Bestuurder is niemand anders as die mark beamptes, varsprodukte-agente of lede van hul personeel toegelaat binne die omheining of gebied waarin verkope gehou word nie. Elke persoon moet dadelik sodanige omheining of gebied verlaat wanneer die Algemene Bestuurder dit versoek.

**42. Weiering om te verkoop**

Die Algemene Bestuurder kan na goeddunke weier om enige bod wat deur enige persoon op enige verkope deur die openbare veiling gemaak is te aanvaar, of weier om enige artikel aan enige persoon te verkoop, indien hy rede het om te glo dat sodanige persoon nie die verkoopprys kan betaal nie of nie die lewering van sy aankope sal neem nie, of indien sodanige persoon enige bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim het om daaraan te voldoen.

**43. Twyfel en geskille**

Indien die Algemene Bestuurder twyfelagtig is oor die hoogste bod of oor wie die hoogste bieër is, of as die persoon aan wie 'n artikel geklop word, onmiddellik die koop betwis, moet die artikel weer te koop aangebied word, en die Munisipaliteit sal nie verantwoordelik wees vir enige verlies as gevolg van sodanige herverkoping nie.

## 44. Algemene Bestuurder se besluit finaal

Die besluit van die Algemene Bestuurder met betrekking tot geskille oor 'n bod en alle ander sake wat met verkope verband hou, is finaal sowel as bindend.

## 45. Twyfel oor eienaarskap

Die Algemene Bestuurder kan weier om enige artikel as te koop aan te bied as hy rede het om te glo dat sodanige artikel nie die eiendom van die verkoper is nie, of hy kan sodanige artikel te koop aanbied op voorwaarde dat die opbrengs van die verkoop in sy besit bly tot en met hy hom vergewis het van die eienaarskap van sodanige artikel. Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade gely deur enige persoon deur sodanige weiering om te verkoop, of deur die verkoop op voorwaarde soos hierbo uiteengesit nie.

## 46. Verkope teen ‘n prys minder as die hoogste bod

Elke varsprodukte-agent wat 'n reserweprys op enige artikel geplaas het, en wat later 'n aanbod aanvaar wat laer is as die hoogste bod wat vir sodanige artikel by die oorspronklike verkoop gemaak is, moet op 'n wyse wat deur die Algemene Bestuurder bepaal word verantwoordelikheid neem en aan die verkoper betaal die verskil tussen die hoogste bod wat by die oorspronklike verkoop gemaak is, en die prys waarteen die artikel verkoop is, tensy die skriftelike toestemming van die Algemene Bestuurder vooraf verkry was.

## 47. Billike prys

Die Algemene Bestuurder kan verklaar dat enige artikel onverkoop is wanneer die hoogste prys wat aangebied word, na sy mening nie 'n billike prys is nie, en hy kan 'n artikel verkoop verklaar of dirigeer dat dit verkoop word indien hy oortuig is dat die verkoper deur die versuim om nie die verkoop te sluit nie, ongerief, verlies of skade kan ly, tensy die produsent 'n teenstrydige bevel gegee het.

## 48. Inspeksie, gradering, verpakking en nasien

Geen artikel wat deur die wet vereis word om gegradeer te word, mag te koop aangebied of verkoop word, tensy dit deur die betrokke varsprodukte-agent vir inspeksie ingedien is, en geïnspekteer is soos deur die wet voorgeskryf nie, en die graad wat daaraan toegeken is as gevolg van sodanige inspeksie duidelik deur sodanige varsprodukte-agent daarop gemerk is nie. Geen artikel wat deur die wet vereis word om teen massa te koop aangebied of verkoop te word, of om op 'n voorgeskrewe wyse verpak, gemerk of gegradeer te word, moet te koop aangebied word of verkoop of uit die mark verwyder word nie, tensy dit in elke opsig voldoen aan die vereistes van sodanige wet met dien verstande dat die Algemene Bestuurder na goeddunke enige artikel mag verkoop of mag dirigeer dat dit verkoop mag word, as hy dit doelmatig ag.

## 49. Afhaling en aflewering

Elke koper moet sy aankope gaan afhaal sodra dit gereed is vir aflewering aan hom, en elke varsprodukte-agent moet sy verkope aan die kopers beskikbaar stel sodra die koper die prys betaal het, of sodra sodanige varsprodukte-agent deur die Algemene Bestuurder aangesê is om dit te doen. Die varsprodukte-agent is verantwoordelik om die koper te voorsien van die hoeveelheid, massa, kwaliteit, graad, verskeidenheid en houer, of wat ook al die geval mag wees, gekoop deur hom. Die koper is nie geregtig daarop om teen die Munisipaliteit ‘n eis in te stel of vergoed te word deur die Munisipaliteit vir enige verlies of ongerief wat gely word as gevolg van die nie-nakoming aan hierdie bepalings deur die varsprodukte-agent nie.

**50. Aankoop en verkoop deur werknemers van die Munisipaliteit**

Behalwe in 'n amptelike hoedanigheid, kan niemand wat by die mark in diens van die Munisipaliteit is, op 'n artikel op die mark bie of dit koop of verkoop of direk of indirek belangstel in die verkoop of aankoop van enige artikel wat op die mark verkoop of te koop aangebied word nie, behalwe artikels wat hy *bona fide* nodig het vir sy private verbruik of gebruik.

**51. Privaat verdrag verkope**

Geen persoon behalwe diegene wat deur die Munisipaliteit gemagtig is, kan privaat verdrag verkope doen nie, en die privaat verdrag verkope van sodanige artikels mag slegs gedurende die tye en by die plekke plaasvind en onder die omstandighede/voorwaardes soos deur die Algemene Bestuurder van tyd tot tyd bepaal.

**52. Verkoopsdossier**

(1) Geen artikel moet deur privaat verdrag verkoop word nie, tensy 'n verkoopsdossier ten tyde van die verkoop transaksie wat aan die bepalings van artikel 52(2) voldoen, deur die varsprodukte-agent aan die koper uitgereik word.

(2) Elke verkoopsdossier waarna verwys word in artikel 52(1), moet duidelik en leesbaar uitgeskryf word en moet die volgende inligting daarop geskryf hê :

(a) die datum van verkoop;
(b) die agent se kodemerk;
(c) die verkoper se volle naam;
(d) die koper se volle naam of nommer;
(e) die verskeidenheid en hoeveelheid waar van toepassing;
(f) die tipe houer en/of die massa daarvan waar van toepassing;
(g) die kwaliteit, hoeveelheid en massa van die artikel wat verkoop is, waar van toepassing;
(h) die prys per eenheid;
(i) die aantal eenhede wat verkoop word;
(j) die bruto waarde van die verkoop;
(k) enige ander inligting wat deur die Algemeen Bestuurder vereis word.

**53. Voorkeur**

Geen varsprodukte-agent moet, wanneer privaat verdrag verkope gedoen word, op enige manier voorkeur gee aan enige persoon nie.

## 54. Hoe artikels verkoop moet word

Geen artikel mag op enige wyse verkoop word anders as volgens die kwaliteit, massa, nommer, hoeveelheid daarvan of soos deur 'n wet voorgeskryf of soos deur die Algemene Bestuurder bepaal. As 'n artikel by wyse van massa verkoop word, beteken die massa die netto massa daarvan.

## 55. Voorafbetaling stelsel

(1) Die Munisipaliteit kan 'n voorafbetaling stelsel aan die varsproduktemark bekend stel;

(2) Alle persone wat op die vooraf betaalstelsel geregistreer wil word, moet aansoek doen vir ‘n elektroniese kaart by wyse van die betaling van ‘n deposito soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal;

(3) Na die ontvangs van die betaalbare deposito sal die Algemene Bestuurder 'n elektroniese kaart aan die kaarthouer wat daarvoor aansoek gedoen het uitreik. Voordat die kaart gebruik word, moet die kaarthouer 'n bedrag geld by die Algemene Bestuurder deponeer, watter bedrag op die kaart as 'n krediet weerspieël sal word;

(4) Die kaarthouer kan goedere koop deur die kaart by die betrokke varsprodukte-agente aan te bied, wat die kaart ná elke verkoop deur die betalings toestel sal vee, wat dan die gepaste aftrekking van die aankoop bedrag op die kaart sal bewerkstellig;

(5) Persone kan verbied word om enigiets op die mark te koop as hulle nie 'n kaart het nie, of as die persoon nie genoeg krediet op die kaart het om vir die voorgestelde aankope te betaal nie;

(6) Kaarthouers moet die nodige sorg met sy kaart uitoefen en die Munisipaliteit sal nie aanspreeklik gehou word vir enige ongemagtigde aftrekkings op die kaart nie, tensy sodanige aftrekkings as gevolg van 'n fout, wat bewys kan word, deur die Munisipaliteit is.

## 56. Artikels van swakker gehalte as voorbeeld

Geen koper is verplig om enige artikel wat na die mening van die Algemene Bestuurder van swakker gehalte is of nie ooreenstem met die voorbeeld wat as te koop uitgestal is of wat nie voldoen aan die verklaring wat ten tyde van die verkoop deur die Algemene Bestuurder of die varsprodukte-agent gemaak is te aanvaar nie mits die koper die Algemene Bestuurder onmiddellik nadat die artikel by hom afgelewer is in kennis stel, en mits daar nie met die artikel in dispuut gevroetel of gepeuter is nie en die artikel nie uitgepak en oor gesorteer of vanuit die mark onttrek is nie. Enige dispuut rakende enige artikel of die verkoop van ‘n artikel moet deur die Algemene Bestuurder beslis word en sy besluit finaal en bindend wees ten aansien van alle dispute en/of klagtes.

## 57. Kontantaankope en krediet waarborge

(1) Tensy die Munisipaliteit anders bepaal, moet alle persone wat artikels op die mark koop, die Algemene onmiddellik nadat die verkoop afgehandel is Bestuurder in kontant die prys daarvan betaal. Tensy die toestemming van die Munisipaliteit en die betrokke produsent verleen is, mag niemand enige artikel op krediet koop nie. Indien toestemming verleen is, kan die Algemene Bestuurder 'n waarborg eis van enige persoon wat ‘n artikel op krediet koop.

(2) Niemand, behalwe die Algemene Bestuurder, moet geld aanvaar ten opsigte van enige artikels wat verkoop is nie.

(3) Agente mag slegs indien daar vooraf reëlings getref is met die Algemene Bestuurder ná amptelike ure gelde tan aansien van verkope insamel.

**58. Boetes vir die laat betaling van rekeninge**

Die bepalings van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, Wet No. 32 van 2000, is van toepassing op enige persoon wat versuim om sy rekening binne vyftien (15) dae vanaf aankoop datum ten betaal ten aansien van artikels wat op krediet gekoop is. Krediet fasiliteite van wanbetalers sal opgeskort word sonder om die reg van die Munisipaliteit om stappe te neem vir die verhaling van die verskuldigde bedrag te benadeel.

**59. Kopers in versuim**

(1) Indien enige koper versuim om te betaal vir artikels wat deur hom gekoop is of om te voldoen aan enige ander bepaling van hierdie verordening met betrekking tot verkope, of artikels wat hy by die Algemene Bestuurder of 'n varsprodukte-agent gelaat het, kan die Algemene Bestuurder beveel dat sodanige artikels weer op so 'n wyse verkoop word as wat hy as doelmatig mag ag, en die koper wat versuim het om te betaal sal verantwoordelik wees vir enige verlies gely op sodanige herverkoop, tesame met sodanige gelde en heffings wat ingevolge hierdie verordening verskuldig mag wees.

2) Die Algemene Bestuurder kan verder, in die geval van enige sodanige verlies, en by ontvangs van die besonderhede daarvan vanaf die betrokke varsprodukte-agent, weier om enige verdere bod van sodanige koper wat in versuim is te aanvaar. Slegs verkope by wyse van privaat verdrag sal toegelaat word tussen sodanige koper in versuim en 'n varsprodukte-agent. Die Algemene Bestuurder sal slegs enige bod van sodanige koper wat in versuim is neem sodra die verlies opgemaak is of die koper wat in versuim is ander reëlings getref het tot die bevrediging van die Algemene Bestuurder.

(3) Geen koper in versuim mag versuim of weier om enige tekort verskuldig deur hom op aanvraag deur die Algemene Bestuurder te betaal nie. Geen koper in versuim mag enige ander persoon aan stel om namens hom te koop of die naam van enige ander persoon gebruik om artikels op te bekom nie.

(4) Die Munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige fout in verband met enige artikel wat by 'n varsprodukte-agent of op die mark gelaat word deur 'n koper wat in versuim is nie, of vir enige verkeerde beskrywing, tekort of oormaat in hoeveelheid of gebrek aan gehalte, of vir enige verlies, skade of ongerief wat deur sodanige koper in versuim gely word nie.

## 60. Meting van massa

Wanneer 'n artikel teen massa te koop of verkoop aangebied word, kan die Algemene Bestuurder bepaal dat die massa van sodanige artikel in die teenwoordigheid van 'n koper of voornemende koper op sodanige plek gemeet word en op sodanige skaal as wat die Algemene Bestuurder mag bepaal.

## 61. Verantwoordelikheid vir massa

Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke varsprodukte-agent om te verseker dat artikels wat volgens wet of volgens die bepaling van die Algemene Bestuurder deur massa verkoop word, die korrekte massa is voordat hulle te koop vertoon word, te koop aangebied word of verkoop word, en sodanige massa moet duidelik en leesbaar op sulke artikels of hul houers gemerk word.

## 62. Versuim om te betaal deur varsprodukte-agent

Wanneer 'n varsprodukte-agent na die mening van die Algemene Bestuurder nagelaat het om alle redelike stappe te neem om enige artikel met 'n minimum vertraging teen die heersende markprys te verkoop, of versuim het om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref om die agteruitgang of besmetting van sodanige artikel te voorkom, kan die Algemene Bestuurder die verkoper in kennis stel en 'n mark verkoopnota uitreik ten opsigte van sodanige artikel teen die prys wat vir soortgelyke artikels gerealiseer is op die betrokke dag waarop dit verkoop moes word. Die varsprodukte-agent moet op 'n wyse wat deur die Algemene Bestuurder bepaal word, aan die verkoper betaal, die waarde wat op sodanige mark verkoopnota gespesifiseer word, minus enige koste waarop hy geregtig is om te ontvang sowel as die prys waarvoor die verswakte of besmette artikel, of die artikels wat nie verkoop was toe dit verkoop moes word nie, verkoop is. Die Munisipaliteit sowel as die Algemene Bestuurder sal geen verantwoordelikheid ten opsigte hiervan opdoen omdat hy die verkoper so in kennis gestel het nie, en so ook nie vir enige verlies of skade wat die betrokke varsprodukte-agent as gevolg daarvan gely het nie.

## 63. Eis vir betaling deur Algemene Bestuurder

(1) Die Algemene Bestuurder kan enige gelde eis of verhaal wat deur enige persoon verskuldig is of aan wie enige artikel verkoop is. Indien sodanige persoon versuim om sodanige gelde te betaal, kan die Algemene Bestuurder sodanige gelde afspeel teen enige gelde in sy besit wat aan sodanige persoon behoort.

(2) Indien die Algemene Bestuurder in beheer is van gelde en rede het om te glo dat indien sodanige gelde aan enige ander persoon uitbetaal word as die persoon aan wie dit wettiglik verskuldig is dit nie die persoon aan wie dit wettiglik verskuldig is sal bereik nie, kan die Algemene Bestuurder óf die uitbetaling van sodanige gelde aan enige persoon weerhou totdat hy tevrede is dat die gelde die persoon sal bereik aan wie die gelde wettiglik verskuldig is, of hy kan beveel dat die gelde direk uitbetaal word aan die persoon aan wie dit wettiglik verskuldig is op 'n wyse wat deur hom bepaal moet word. Die Munisipaliteit sal geen verantwoordelikheid vir enige *bona fide* aksie wat ingevolge hierdie regulasie geneem word nie.

## 64. Onopgeëiste artikels

Die raad kan van tyd tot tyd by wyse van 'n resolusie 'n stoorfooi bepaal wat gehef kan word op enige artikel wat op die mark oorgebly het en nie binne agt-en-veertig uur deur die persoon wat daarop geregtig is opgeëis word nie, voordat dit verwyder mag word. Sodanige artikels, mag indien dit nie opgeëis word nie of indien die vasgestelde stoorfooi nie betaal word nie deur die Algemene Bestuurder verkoop word op die wyse soos deur homself bepaal, en die Algemene Bestuurder sal die opbrengs van sodanige verkoop minus alle gelde en heffings wettiglik verskuldig daarop hou namens enige persoon wat sy eis daarop behoorlik daarstel.

## 65. Storting en herverkoping

Behalwe met die toestemming van die Algemene Bestuurder, moet niemand enige artikel op die mark wat hy op die mark gekoop het, stort of herverkoop nie. Niemand mag enige artikel na die mark bring vir die storting of berging daarvan totdat aflewering deur die eienaar of koper geneem kan word nie. Die Algemene Bestuurder sal enige persoon waarsku wat dit probeer doen, teen sodanige storting, herverkoop of berging of die nodige regstappe neem.

## 66. Aflaai

(1) Elke varsprodukte-agent moet voortgaan met die redelike versending om enige kruiwa of ander voertuig te laai of te veroorsaak dat dit gelaai word, wanneer hy deur die Algemene Bestuurder versoek word om dit te doen.

(2) Die Munisipaliteit is nie verantwoordelik vir die verlies van, of skade aan of vertraging in die aflewering of aflaai van enige artikel van die varsprodukte-agent of koper nie.

## 67. Aanspreeklikheid vir verlies en skade

Die Munisipaliteit sal geen aanspreeklikheid opdoen ten opsigte van verlies of skade aan enige artikel welke manier ook al veroorsaak terwyl sodanige artikel op die mark is nie.

## 68. Permitte vir varsprodukte-agente

(1) Niemand mag handeldryf of besigheid doen as varsprodukte-agent sonder dat hy eers 'n permit van die Munisipaliteit verkry het wat hom magtig om dit te doen nie. Hierdie permit is nie oordraagbaar sonder die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit nie.

(2) Elke persoon wat sodanig handeldryf of besigheid doen, moet 'n aansoek in die amptelike vorm wat hy by die Algemene Bestuurder kan kry, tesame met 'n getrouheidsfondssertifikaat vanaf die Registrateur van Landbouprodukte-agente ooreenkomstig die bepalings van APAC, by die Algemene Bestuurder indien.

(3) Elke applikant wat aansoek doen moet die Munisipaliteit tevrede stel dat hy voldoen aan die bepalings van APAC en dat hy geskik en gepas is om die handel of besigheid van 'n varsprodukte-agent voort te sit en dat hy aan die bepalings van die wet met betrekking tot varsprodukte-agente voldoen het.

(4) In die evaluering van aansoeke ingevolge hierdie artikel kan die Munisipaliteit die volgende in ag neem:

(a) die bepalings van die Munisipaliteit se Voorsieningskettingbestuursbeleid;
(b) die SEB-status van die applikant;
(c) die vloerruimte beskikbaar by die mark;
(d) die toevoeging van waarde tot die mark;
(e) die aantal indiensneming geleenthede wat deur die applikant geskep word.

(5) Elke permithouer moet vooraf aan die Munisipaliteit 'n fooi betaal, soos van tyd tot tyd bepaal.

(6) Elke permit moet geldig wees vanaf sy datum van uitreiking tot en met die volgende 31 Desember, tensy dit andersins gekanselleer of teruggetrek word. Elke permithouer wat sy permit wil hernu, moet aansoek daarvoor doen wanneer so bepaal deur die Algemene Bestuurder, ingevolge die bepalings van subartikel (2).

(7) Die Munisipaliteit kan na goeddunke 'n permit onttrek of weier om 'n permit te hernu.

(8) Die Algemene Bestuurder kan na goeddunke staanplek aan 'n varsprodukte-agent toewys om sy besigheid te bedryf. Geen varsprodukte-agent mag enige sodanige staanplek of ‘n gedeelte daarvan onderverhuur sonder die goedkeuring van die Algemene Bestuurder nie en die toekenning van sodanige staanplek mag ter enige tyd deur die Algemene Bestuurder teruggetrek word indien omstandighede dit regverdig.

**69. Ander lisensies**

Benewens die permit wat deur die Munisipaliteit uitgereik is, moet 'n varsprodukte-agent, voordat hy op die mark begin handel dryf, al sodanige ander lisensies uitneem en al sodanige ander borgverbande verskaf wat deur enige ander wet vereis word. Die toestaan van permitte sal totaal binne die diskresie van die Munisipaliteit wees, ondanks die feit dat beoogde applikant aan al die vereistes en voorwaardes vir 'n permit mag voldoen aldan nie.

**70. Oordrag van produkte**

Die Algemene Bestuurder kan, wanneer hy deur die verkoper opdrag gegee word, die produkte wat aan sodanige verkoper behoort, oordra van die varsprodukte-agent aan wie die goedere aanvanklik toegeken is, aan enige ander varsprodukte-agent wat deur die verkoper genoem word.

**71. Toekenning van spasie aan varsprodukte-agente**

So gou as moontlik na die aanvang van die Munisipaliteit se nuwe boekjaar, moet die Algemene Bestuurder, in oorleg met die markagente en onderhewig aan artikel 24, ruimte in die markgebied toewys vir die gebruik deur varsprodukte-agente soos hy goeddink. Geen varsprodukte-agent moet artikels op vloerruimte plaas wat aan 'n ander varsprodukte-agent toegeken is sonder die vooraf goedkeuring van die Algemene Bestuurder nie.

## 72. Stof- en vullishouers

Elke persoon wat 'n perseel op die mark huur, moet voorsiening maak vir 'n voldoende aantal stof- of vullishouers van 'n tipe en grootte wat deur die Algemene Bestuurder goedgekeur is vir gebruik op sodanige perseel. Niemand mag enige aanstootlike stof in enige sodanige houers plaas of laat plaas nie, en dit is die verantwoordelikheid van elke persoon wat sodanige perseel huur om te verseker dat die inhoud van sodanige houers gereeld verwyder en gestort word op 'n plek wat deur die Algemene Bestuurder bepaal word.

## 73. Inligting wat vereis word van varsprodukte-agente

Elke varsprodukte-agent moet, wanneer hy deur die Algemene Bestuurder versoek word, hom voorsien van enige dokumente of inligting wat verband hou met die aankoms en verkope van en betalings van alle artikels wat deur sodanige agent in die loop van die besigheid hanteer word.

## 74. Die varsprodukte-agent is verantwoordelik vir werknemers

Elke varsprodukte-agent is verantwoordelik vir die gedrag van alle persone in sy diens en vir enige skade wat deur sodanige agent of deur sy werknemers wat binne die bestek van hul pligte en instruksies optree, aan die Munisipaliteit se eiendom aangerig word,. Sodanige agent moet onverwyld voldoende dissiplinêre maatreëls instel soos voorsien in enige relevante arbeidswetgewing teen enige werknemer wat enige wet of regulasie oortree wat verband hou met die mark, of enige mark reëls of instruksies wat deur die Algemene Bestuurder uitgereik is, of skuldig bevind word aan enige misdryf wat voortspruit uit die uitvoering van sy pligte of aktiwiteite op die mark, tensy sodanige skuldigbevinding op appèl tersyde gestel word. Geen varsprodukte-agent moet enige persoon wie se dienste só beëindig is, betrek of her-betrek na die finalisering van sodanige dissiplinêre stappe nie.

## 75. Registrasie van werknemers

(1) Elke varsprodukte-agent moet sy werknemers by die Algemene Bestuurder registreer in ooreenstemming met APAC, op 'n wyse wat deur die Algemene Bestuurder bepaal moet word, en moet die Algemene Bestuurder binne drie dae in kennis stel van alle veranderinge van personeel waarvoor die Algemene Bestuurder vir hierdie doel 'n register moet hou, wat alle relevante besonderhede met betrekking tot sodanige werknemers moet uiteen sit.

(2) Die varsprodukte-agent moet verseker dat indien sy werknemers aan 'n aansteeklike siekte ly, hulle nie by die mark teenwoordig is totdat sulke siekte genees is nie.

## 76. Permitte vir werknemers

(1) Elke varsprodukte-agent moet by die Algemene Bestuurder aansoek doen vir 'n permit voordat enige persoon deur hom in diens geneem word, en moet nie sodanige persoon in diens neem of hom toelaat om te begin werk op die mark totdat die Algemene Bestuurder nie 'n permit ten opsigte van sodanige persoon uitgereik het nie.

(2) Die Algemene Bestuurder kan weier om 'n permit uit te reik, en kan te eniger tyd 'n permit kanselleer indien die persoon aan wie dit uitgereik is, nie 'n geskik en gepaste persoon is om die permit te hou nie, of indien sodanige persoon enige wet of regulasie met betrekking tot die mark of enige mark reëls of instruksies wat deur die Algemene Bestuurder uitgereik is oortree het. Enige sodanige permit is die eiendom van die persoon aan wie dit uitgereik is, en is nie oordraagbaar nie. Die houer moet dit te alle redelike tye op aanvraag deur die Algemene Bestuurder of enige behoorlik gemagtigde amptenaar produseer.

**77. Beskermende klere**

Elke varsprodukte-agent moet aan sy werknemers sodanige beskermende klere voorsien as wat deur die Algemene Bestuurder vereis word, en moet verseker dat sodanige klere duidelik gemerk is met die kode merk of die naam van sy firma, en op 'n manier soos deur die Algemene Bestuurder bepaal, genommer word, en dat sodanige klere te alle tye skoon en in goeie toestand gehou word. Geen varsprodukte-agent moet enige werknemer toelaat om op die mark te werk tensy hy nie beskermende klere dra nie.

**78. Algemene Bestuurder mag inligting aan verkopers verskaf**

Die Algemene Bestuurder kan direk aan enige verkoper afskrifte van enige mark-verkoopnota wat die verkoop van enige artikel wat namens sodanige verkoper deur enige varsprodukte-agent verkoop is, of sodanige ander inligting wat doelmatig geag word, verskaf. Elke varsprodukte-agent moet op die versoek van die Algemene Bestuurder, die Algemene Bestuurder voorsien van die naam en adres van enige verkoper namens wie die varsprodukte-agent enige artikel verkoop het, asook sodanige ander inligting wat die Algemene Bestuurder mag vereis.

**79. Wangedrag deur varsprodukte-agente**

Indien enige varsprodukte-agent enige oortreding begaan of versuim om aan die bepalings van enige wet met betrekking tot die mark of enige instruksies wat deur die Algemene Bestuurder uitgereik is te voldoen, kan die Munisipaliteit 'n kennisgewing op sodanige agent beteken wat hom versoek om sodanige oortreding of versuim reg te stel, en indien hy versuim om dit te doen, kan die Munisipaliteit sy permit kanselleer en weier om sy permit te hernu, asook sy reg om die amp te beklee en ander akkommodasie, sonder benadeling van enige ander regte waarop die Munisipaliteit geregtig mag wees om teen sodanige agent aksie in te stel.

**80. Huur van stootwaentjies en trollies**

(1) Geen ander toerusting of voertuie, behalwe sodanige toerusting en voertuie wat deur die Munisipaliteit voorsien is, of wat deur die Algemene Bestuurder goedgekeur is, mag gebruik word om produkte, artikels of leë houers van enige afdeling of area van die mark na enige ander afdeling of area van die mark te vervoer of te verwyder nie.

(2) Die toerusting of voertuie wat ingevolge artikel 83(1) deur die Munisipaliteit verskaf word, kan deur enige persoon gehuur word: Met dien verstande dat:

(a) die voorgeskrewe huurgeld vooraf betaal moet word aan die Algemene Bestuurder;
(b) die huurder mag dit nie aan enige ander persoon leen of oordra sonder die voorafverkreë toestemming van die Algemene Bestuurder nie;
(c) Indien die omstandighede in die opinie van die van die Algemene Bestuurder sodanige optrede regverdig, kan die Algemene Bestuurder te eniger tyd enige persoon opdrag gee om dit in enige deel van die mark te plaas vir so lank as wat hy nodig ag;
(d) die huurder sal dit terug besorg aan die Algemene Bestuurder in die toestand waarin dit ontvang is, billike slytasie uitgesonder. Die huurder sal nietemin verantwoordelik wees vir enige verlies as gevolg van skade daaraan, vernietiging daarvan of die nie-terugbesorging daarvan;
(e) Die Munisipaliteit sal geen aanspreeklikheid opdoen vir enige besering of skade aan persone of eiendom as gevolg van die gebruik daarvan nie, behalwe waar sodanige besering of skade veroorsaak is deur die onregmatige of nalatige optrede van enige werknemer van die Munisipaliteit;
(f) Op die dag van verhuring kan die huurder die toerusting en voertuie soos voorsien deur die Munisipaliteit tot 14:00 gebruik: Met dien verstande dat die Algemene Bestuurder die duur van die verhuringstydperk kan verkort of verleng, indien omstandighede, na sy mening, sodanige optrede regverdig en dat geen persoon as gevolg hiervan die reg sal hê het om enige eis teen die Munisipaliteit in te stel nie;
(g) die tipe en maksimum aantal voertuie wat aan enige persoon per dag verhuur word, sal deur die Algemene Bestuurder bepaal word inaggenome die omstandighede;
(h) die huurder moet te eniger tyd op versoek van enige behoorlik gemagtigde persoon bewys lewer van sy reg om sodanige voertuig of toerusting te gebruik.

## 81. Koueberging en rypmaking

(1) Die Munisipaliteit kan toesien tot die koueberging en rypmaking van artikels, teen 'n tarief wat van tyd tot tyd bepaal word, betaalbaar deur die persoon wat sodanige bergings- of rypmakings fasiliteite benodig, op so 'n wyse en op sodanige tydstip as wat deur die Algemene Bestuurder bepaal word. Die Algemene Bestuurder kan weier om enige artikels wat gestoor of ryp gemaak is te vry te stel totdat die heffings wat aan die Munisipaliteit verskuldig is ten opsigte daarvan betaal is.

(2) Alle artikels wat in koue berging of in die rypmakingskamer geplaas word, word so gedoen op die risiko van die persoon wat van sodanige bergings- of rypmakingsfasiliteite gebruik maak en die Munisipaliteit sal geen aanspreeklikheid opdoen ten opsigte van enige verlies, skade, tekort of vertraging wat voortspruit uit die handhawing van te hoë of te lae temperature, mislukking van masjinerie of aanleg, vloed, wind, spreier lekkasies, vogtigheid, sweet, verval, verontreiniging of vernietiging deur ongediertes, natuurramp, burgerlike oproer, militêre gesag, opstanding, stakings, uitsluiting, arbeidsgeskille, kwarantyn, oorlog, ontploffing, die aard van die goedere, inherente ondeug, kontak met of nabyheid aan ander goedere, versteekte skade, variasie of krimping in gewig, foutiewe of onvoldoende verpakking, diefstal of enige ander oorsaak hoegenaamd, behalwe indien daar bewyse deur die eienaar voorgelê kan word dat sodanige verlies, skade, tekort of vertraging deur die opsetlike wangedrag of nalatigheid van 'n werknemer van die Munisipaliteit wat in die loop van sy indiensneming optree, veroorsaak is.

(3) Ondanks die bepalings soos vervat in artikel 84(2), is die Munisipaliteit nie aanspreeklik vir skade veroorsaak hoegenaamd ook al nie, tensy inspeksie van die betrokke artikels, of sodanige steekproef soos deur die Algemene Bestuurder vereis, aan die Algemene

Bestuurder getender is voordat sodanige artikels verwyder word van die mark, en ook mag die bedrag waarvoor die Munisipaliteit aanspreeklikheid gehou word ten aansien van die betrokke artikels vir enige verlies, skade, tekort of vertraging nie die waarde van die betrokke artikels oorskry nie. "Waarde" sal vir doeleindes hiervan beteken die gemiddelde prys gerealiseer op die mark vir soortgelyke artikels op die dag waarop die betrokke artikels uit die koueberging of die rypmskingskamer verwyder is.

(4) Alle artikels word aanvaar onder die veronderstelling dat die inhoud, gewig, hoeveelhede en waardes daarvan onbekend is, tensy 'n spesiale endossement tot die teendeel gemaak word op die kwitansie wat vir hierdie artikels uitgereik word ten tyde van aanvaarding daarvan vir koue berging of rypwording.

(5) Alle artikels moet gemerk word soos bepaal in artikels 16 en 48.

(6) Artikels sal slegs vrygestel word vanuit koueberging of die rypmakingsskamer by die voorsiening van 'n skriftelike bevel vanaf die stoor bestuurder, of sy behoorlik gemagtigde agent en met dien verstande dat ‘n getekende kwitansie vir sodanige artikels aan die Algemene Bestuurder gegee word.

(7) Die Algemene Bestuurder kan te eniger tyd weier om enige artikel vir koue berging of rypmaking te aanvaar indien omstandighede, na sy mening, sodanige weiering regverdig en hy kan die onmiddellike verwydering vanuit koueberging of die rypmakingskamer van enige artikel wat deur hom geag word, ongesond of aanspreeklik is om skade aan te rig of 'n oorlas uit te maak, en indien die eienaar van die betrokke artikel, of sy behoorlik gemagtigde agent, versuim om aan sodanige bevel gehoor te gee, kan die Algemene Bestuurder so 'n artikel vanuit koueberging of die rypmakingskamer verwyder op die onkoste van sodanige eienaar of agent. Die Algemene Bestuurder en Munisipaliteit sal geen aanspreeklikheid vir enige gevolglike skade of ongerief opdoen nie.

**82. Nagelate artikels in die mark area**

Enige produkte wat by die mark agter gelaat word bly die eienaar daarvan se verantwoordelikheid.

**83. Verbod op honde**

Niemand moet enige hond op enige deel van die mark bring gedurende mark ure nie. Enige persoon wie se hond in die omgewing gevind word, moet die hond onmiddellik verwyder. Die Munisipaliteit behou die reg voor om enige hond wat in die mark gebied gevind word, te skud.

**84. Verbod op smouse**

Niemand moet enige artikel, diere materiaal of ding op enige deel van die markgebied ronddra nie. Alle artikels, diere, materiaal of ding wat op die perseel gesmous of rond gedra word met die doel om daarmee te handel, kan deur die Algemene Bestuurder in beslag geneem word tot die sluitingstyd van die mark.

**85. Verwerpte artikels**

Die mediese gesondheidsbeampte mag enige artikel wat na die mark gebring word om verkoop te word inspekteer, verwerp en verwoes of daarmee wegdoen en geen vergoeding moet ten opsigte daarvan deur die Munisipaliteit betaal word nie.

**86. Parkering van voertuie**

(1) Niemand in beheer van enige voertuig mag sodanige voertuig op enige plek parkeer nie, behalwe op die ruimtes wat van tyd tot tyd deur die Algemene Bestuurder opsy gesit word: Sodanige afsonderlike ruimtes langs die laaiplatforms kan by die voorafbetaal van die huurgeld, vanaf tyd tot tyd goedgekeur vir enige persoon gereserveer word. Met dien dien word dat die Algemene Bestuurder in die geval van 'n noodgeval enige persoon kan verbied om 'n voertuig in die plek te parkeer wat aldus ter syde gestel is.

(2) Geen voertuie wat gebruik word vir die aflewering na of verwydering van die market van enige artikel, moet langer as sodanige tydperk op die perseel bly as wat nodig is vir die laai of aflaai, na na 17 mei. Die Algemene Bestuurder bepaal die tyd wat nodig is vir sodanige aflaai en laai.

**HOOFSTUK 3 MISCELLANEOUS**

**87. Obstruksie**

Niemand moet enige artikel in die markgebied op so 'n wyse plaas dat ‘n obstruksie of ongerief daardeur veroorsaak word nie. Niemand moet enige struktuur in die genoemde gebied oprig sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Algemene Bestuurder nie.

**88. Skade aan eiendom van die munisipaliteit**

Alle persone wat in 'n perseel, kantoor, stoortafelruimte of stalletjie inbeweeg, sal verantwoordelik wees vir alle skade wat tydens die gebruik van tafels, blokke, tellers, en toerusting wat daaraan behoort en plate of ander algemene eiendom van die Munisipaliteit, met uitsluiting van normale slytasie.

**89. Aanspreeklikheid van die munisipaliteit**

Die Munisipaliteit is nie verantwoordelik of aanspreeklik aan enige persoon vir enige verlies, skade, besering of dood as gevolg van of voortspruitend uit hul teenwoordigheid by die mark nie, welke verlies, skade of besering nie toeskryfbaar is aan die nie-nakoming (nalate) van normale pligte deur die werknemers van die Munisipaliteit nie.

**90. Verhindering van munisipale amptenare**

Enige persoon wat amptenare van die Munisipaliteit verhinder in die uitvoering van hul pligte of wat aanstootlike taal gebruik of wat op 'n dreigende wyse optree of wat weier om enige wettige bevel te gehoorsaam, is skuldig aan 'n misdryf.

**91. Ongemagtigde gebruik van spasie**

Enige persoon wat enige spasie in die mark op 'n onwettige wyse gebruik, hou of okkupeer, is skuldig aan 'n misdryf en is verdermeer verantwoordelik vir die huurgeld ten aansien van die spasie sowel as enige skade wat deur sodanige onwettige okkupasie veroorsaak is.

## 92. Markgelde, mark kommissie en ander fooie

(1) Markgelde word gehef op alle artikels wat verkoop word, ooreenkomstig die bepalings van die Wet of enige ander toepaslike wetgewing. Dit is ook van toepassing ten aansien van artikels wat in die mark gestoor word of in koue berging, rypwordende kamers en die Munisipaliteit se stoorkamers asook op die verhuring van trollies, kantore, akkommodasie, ens.

(2) 'n Varsprodukte-agent kommissie soos onderhandel tussen verkopers, produsente en agente word ook ten opsigte van produkte gehef.

## 93. Verbod op groothandelaars of hul verteenwoordigers om handel te dryf

(1) Groothandelaars, hul werknemers of verteenwoordigers mag nie op die munisipale varsproduktemark handel dryf nie, behalwe met die toestemming van die Algemene Bestuurder, wat ingevolge subartikel (2) verleen word.

(2) By ontvangs van 'n aansoek om handel te dryf op die mark deur groothandelaars, hul werknemers of verteenwoordigers, kan die Algemene Bestuurder die volgende in ag neem wanneer hy sy besluit oorweeg om groothandelaars, hul werknemers of verteenwoordigers op die munisipale varsproduktemark toe te laat:

(a) of die produkte wat hulle van voorneme is om mee handel te dryf, dieselfde of wesenlik dieselfde is as ander produkte wat op die munisipale varsproduktemark verhandel word;
(b) die beskikbaarheid van vloerruimte of ander akkommodasie op die munisipale varsproduktemark;
(c) vertoë of besware gemaak deur varsprodukte-agente;
(d) enige ander faktore wat die Algemene Bestuurder nodig mag ag om in ag te neem.

## 94. Indiening van spoorweg-eise

Enige eis wat deur die Spoorwegadministrasie verwerp word op grond daarvan dat die volle besending aan die varsprodukte-agent of ontvanger in 'n gesonde en onbeskadigde toestand gelewer is, moet deur die betrokke varsprodukte-agent of ontvanger betaal word, en die waarde van sodanige eis, minus alle wettige fooie, moet deur die varsprodukte-agent of ontvanger op sodanige wyse en tydstip soos deur die Algemene Bestuurder bepaal, aan die verkoper oorbetaal word.

## 95. Geskilbeslegting

(1) Enige geskil wat ontstaan tussen varsprodukte-agente, handelaars of persone anders as die Algemene Bestuurder of enige ander werknemer van die Munisipaliteit kan na die Algemene Bestuurder verwys word. Sodanige verwysing moet skriftelik gedoen word en moet die stellings van alle persone betrokke in die dispuut insluit.

(2) Die Algemene Bestuurder moet 'n vergadering skeduleer vir die beslegting van die geskil wat ingevolge subartikel (1) verwys word alle betrokke partye sal die geleentheid gegee word om vertoë te rig.

(3) Die Algemene Bestuurder moet so gou as moontlik sy beslissing ten aansien van die vertoë aan die betrokke partye verskaf en sodanige beslissing moet slegs as raadgewend van aard beskou word en moet nie as bindend op die partye beskou word nie.

(4) Waar 'n geskil ontstaan waarin die Algemene Bestuurder of enige ander werknemer van die Munisipaliteit betrokke is, moet die aangeleentheid na die Departementshoof verwys word waarna die Departementshoof redelikerwys sal poog om die dispuut op te los. Die beslissing van die Departementshoof is raadgewend van aard en dit word nie as bindend op die partye geag nie. Indien dit onsuksesvol is, moet die saak na die Stadsbestuurder verwys word wie se uitspraak finaal en bindend op die partye geag sal word.

**96. Misdrywe en strafbepaling**

(1) 'n Persoon wat skuldig bevind word aan die oortreding van enige bepaling van hierdie Verordening, sal met skuldigbevinding aanspreeklik wees vir 'n boete wat nie R30 000, 00 oorskry nie, of gevangenisstraf vir 'n tydperk van nie meer as drie jaar nie en in die geval van wanbetaling, gevangenisstraf, of tot sodanige gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete, of aan beide ‘n boete en sodanige gevangenisstraf, en in die geval van 'n opeenvolgende of voortgesette oortreding, tot 'n boete vir elke dag wat sodanige misdryf voortgeset is/word, of in die geval van wanbetaling daarvan, tot gevangenisstraf.

(2) Enige uitgawe wat deur die Munisipaliteit aangegaan word as gevolg van 'n oortreding van hierdie verordening of as gevolg van die versuim van ‘n persoon om enige iets te doen wat ‘n hy aangesê is om te doen in terme van hierdie verordening, kan deur die Munisipaliteit verhaal word teen die persoon wat die oortreding gepleeg het of wat versuim het om sodanige ding te doen.

**97. Herroeping en Wysiging**

(1) Enige verordeninge met betrekking tot die varsproduktemark wat deur die raad van die munisipaliteit of enige munisipaliteit wat tans deel uitmaak van die Raad aanvaar is, word herroep vanaf die datum van afkondiging van hierdie verordeninge.

(2) Die verordeninge met betrekking tot die Munisipale Varsproduktemark, soos afgekondig in die Provinsiale Koerant No. 105 van Julie 2009 en Plaaslike Staats kennisgewing No. 34 van Junie 2016, word hiermee verder gewysig.

**98. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie verordening genaamd die **Mangaung, Varsproduktemark Verordening** se wysigings wat bewerkstellig is, sal inwerking tree op die datum van publikasie in die Provinsiale *Koerant.*